**CACHET APTEEK**

Groot genoeg om u te bedien.

Klein genoeg om u te ken.

★

DIE STUDENTE-APTEEK

**die WAPAD**

Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. In U lig sien ons die lig.

JAARGANG XXXI NOMMER 4 — VRYDAG 12 MAART 1976

**PUKKE!**

vir al u klerebaadjies

**Johan Claassen Broers**

(Edms.) Bpk.

Tel. 3612, POTCHEFSTROOM.

Kerkstraat 92.

Tak: Tomstraat 100.

# Volledige verklaring oor Trompoppies

**DIT is so dat die Puk nog nooit voorheen Trompoppies gehad het nie. Wat ons Studentelewe betref is dit dus iets nuuts. Ons as Christene staan egter ook in hierdie wêreld en kan ons nie daarvan isoleer nie. Ek dink daarom dat dit ons plig is om standpunt hieroor in te neem op 'n goed gemotiveerde en gefundeerde wyse. Omdat dit 'n nuwe saak is, is dit verstaanbaar dat baie mense dit met 'n mate van huiwering benader. Nietemin het die Sentrale Studenteraad in samewerking met die owerheid die saak deurtrap en tot die volgende slotsom gekom.**

Die vrou het in die samelewing 'n besondere plek om te vervul. Dit is veral baie waar gedurende 'n vrolike tyd soos Karnaval. Dit bied 'n uitstekende geleentheid aan die dames om hulleself uit te leef en besondere kleur daaraan te verleen. Die dames kan by uitstek goeie smaak en opgewektheid verleen ten einde die spontane gees van Karnaval en Studentwees uit te beeld. Dit is dan in die lig van hierdie besondere bydrae wat ons die Trompoppies moet sien.

Waar ons ook midde in hierdie wêreld leef het ons 'n bepaalde getuienis om uit te dra. Ek dink dan ook dit is ons plig om al meer en meer 'n besondere karakter ook aan ons Studentelewe te verleen.

Die Trompoppies bied aan ons 'n uitstekende geleentheid om hieraan uitvoering te gee. Ons moet voortdurend onderskei tussen sake waar beginsels werklik ter sprake kom en daardie sake wat bloot tradisioneel afgekeur word. Wanneer ons nou oor Trompoppies besin, moet ons nie die kind saam met die badwater uitgooi nie.

Dit is so dat Trompoppies reeds geruime tyd op ander kampusse voorkom. Kampusse moet mekaar nie klakkeloos navolg nie, maar moet ook bereid wees om bymekaar te leer. In 'n saak soos die Trompoppies moet ons in staat wees om die goeie daaruit te haal en dan 'n eie karakter daaraan te verleen. Nou mag dit wees dat vir sommige mense daar 'n sekere stigma aan Trompoppies vaskleef.

Ons moet egter aan ons Trompoppies 'n besondere karakter verleen wat heeltemal strook met die beeld van die P.U. vir C.H.O. Dit is 'n baie groot uitdaging en 'n geleentheid wat ons moet aangryp om aan die buitewêreld te toon dat ons wel uniek is.

Die belangrikste vereiste is met ander woorde dat ons aan die Trompoppies 'n eie karakter moet verleen, net soos ons op al die ander terreine van die lewe ook ons karakter moet afbeeld. By die Trompoppies moet die klem dan reg geplaas word Die persone wat Trompoppies die verlaging van die vrou, die verheerliking van die vroulike liggaam of die beoordeling van diere sien, slaan die bal ver mis en sien die doel en die taak van die Trompoppies heeltemal verkeerd. Trompoppies is die uitbeelding van die gees en vrolikheid wat met Karnaval saamgaan. Waar ons dan uitspreek ten gunste van Trompoppies, praat ons van Trompoppies waar die klem nie op die fisiese geplaas word nie, maar op 'n groep dames wat met keurige kleredrag en smaakvolle bewegings die gees van Karnaval uitbeeld.

Dit is dan in hierdie lig wat die owerheid genader is oor hierdie saak. Die Rektor het dan goedkeuring verleen dat met die oefening van die Trompoppies en die ontwerp van klere voortgegaan kan word. Wanneer dit voltooi is, sal die Sentrale Studenteraad en daarna die Rektor dit bywoon en indien dit getrou aan die karakter van die P.U. vir C.H.O. is, sal goedkeuring daaraan verleen word.

Nou mag gevra word hoe 'n mens praktiese 'n eie karakter daaraan kan verleen. Daar kan byvoorbeeld weggedoen word met blote uitlokkende bewegings en meer klem op smaakvolle kleredrag en interessante bewegings en formasies gelê word. Daar kan byvoorbeeld die sewe kandelare uitgebeeld word. Al hierdie sake kan ons met groot vertroue aan die Karnavalkomitee en die afrigters oorlaat.

Hierdie saak is 'n geweldige uitdaging aan die Karnavalkomitee. Ons wil dan ook aan hulle en dames wat gekeur word baie sterkte toewens. Laat ons aan die buitewêreld wys dat ons wel Trompoppies kan hê, getrou aan die karakter van die P.U. vir C.H.O., sonder dat hulle enigsins hoef terug te staan of minderwaardig hoef te voel.

Johan Pretorius,
(Voorsitter: S.S.R.).



Wanda se dore het die Puk verras met hulle optrede tydens die eerstejaars-atletiekbyeenkoms op die Fanie du Toit-sportterrein. Na hierdie voorsmakie sien al die Pukke uit na Karnaval wanneer die Puk se amptelike trompoppies hulle debuut sal maak. (Foto: Fotokuns.)



Mnr. Johan Pretorius, voorsitter van Sentrale Studenteraad. (Foto: Fotokuns.)

# Redakteurs hou konferensie

**DOME, Perdeby, Nux . . . dit gons van alle vreemde name. Dis amper soos 'n babelse verwarring (behalwe dat daar net Afrikaans en Engels gepraat word!). So gaan dit op die jaarlikse redakteurskonferensie van alle studente-koerante.**

Hierdie byeenkoms is onlangs gehou op die kampus van die KOVSIES. By nabeskouing blyk dit 'n reuse sukses te wees. Baie gemeenskaplike sake oor studente — koerante is bespreek w.o. probleme met foto's, verhouding met die studenterade en persvryheid.

Die konferensie is voorafgegaan deur 'n vergadering van A.S.P.U. (Afrikaanse studente Persunie). Daar is o.a. besluit dat elke geaffilieerde koerant dit in die toekoms sal aandui met die woorde: Geaffilieer by A.S.P.U.

Wanneer 'n embleem egter ontwerp is (soos wat beoog word) sal dit ook in of op die koerant verskyn. Alle A.S.B. geaffilieerde sentra is lede van A.S.P.U.

Die Universiteit van Kaapstad se koerant Varsity het 'n uitnodiging gerig dat a.s. jaar se konferensie daar gehou word.

Die volgende koerante was verteenwoordig op die konferensie: Irawa (U.O.V.S.), Campus Independent (Wits), Wapad (P.U. vir C.H.O.), Trompie (Normaalkollege van Pretoria), UPEN (Universiteit van Port Elizabeth), Kataris (Hugenotekollege-Wellington), Die Matie (Stellenbosch), Pootjie (P.O.K.), Wits Student (Wits), Die Perdeby (Tuks), NUX (Pietersburgse Universiteit), Dome (Natalse Universiteit), Dokkieblad (Durban Onderwyskollege), Campus (Christelike studente van Natal) en Bokvaria (Bloemfontein Onderwyskollege).

Die Puk se afgevaardiging het bestaan uit mnr. George Lotter (Redakteur van die Wapad) en mej. Dalene Delport (Redaksielid van die Wapad).



Die redakteurs wat die konferensie op Bloemfontein bygewoon het. Agter: Garth Seneque (Dome) en Dirk Neetling (Trompie). Tweede ry (agter): Geoff Hemm (Campus Independent), Graham Dominy (Nux). Tweede ry (voor): Lourens Henning (Dokkieblad), Irwin Manoim (Wits Student), George Lotter (Wapad). Voor: Hannes Venter (Pootjie), Louis Grundlingh (Irawa), Bennie Wolvaardt (Perdeby) en Gavin Woodland (Varsity).

BULT APTEEK

ONS KEN U BENODIGDHEDE

AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS

Tomstraat 89B en C Tel. 5943 en 3377

**STUDENTE APTEEK**

—WP

# *Interuniversitêr*

## TUKKIES

TUKKIES:- verskeie Tukkies is verlede week in hegtenis geneem nadat 'n onderbroekstrooptog tussen verskeie manskoshuise handuit geruk het.

Dit is blykbaar 'n jaarlikse instelling op die Tukkieskampus dat manskoshuise mekaar uitdaag om te sien watter koshuis die meeste onderbroek kan buit. Geklee in slegs onderbroeke kom die uitgedaagdes op die toneel en word daar met die uitdagers geveg om hul onderbroeke te behou.

Die polisie het opgedaag toe meeste mans poedelnakend was en het toe m.b.v. honde 'n paar van die „onderbroeksoldate" (met of sonder 'n onderbroek!) aangekeer. 'n Mens wonder of die „reëls" nie vanjaar so gewysig kan word nie dat die koshuis met die meeste manne in die tronk as onderbroekkampioen gekroon kan word nie?

## KOVSIES

In hul studentekoerant „Irawa" het die Kovsies hewig te velde getrek teen die beoogde Universiteitsuitgang wat teen 'n beraamde R70 000 opgerig sou word.

Hul Rektor, prof. Kok, het egter 'n persverklaring gemaak waarin gesê is dat so 'n duur hek nooit beoog is nie. 'n Hek van ongeveer R13 000 sal opgerig word. Daar heers egter steeds heelwat ontevredenheid onder die studente wat nie kan verstaan hoe „verantwoordelike" mense kan besluit om in die tye van inflasie selfs so „min" aan 'n hek te kan bestee nie.

**Hierdie skets het in die „Campus Independent" van Woensdag 25 Februarie 1976 verskyn.**




*The changed face of Nusas: before and after this year's congress. Is it whitewash cosmetic surgery or just plain window dressing?*

## WITS

DIE Joolkomitee van Wits het besluit dat hulle 'n sekere deel van die opbrengste wat uit vanjaar se jool verdien gaan word, sal bewillig vir die grensfonds. Die voorsitter van die joolkomitee, Mike Racazin sê dat hul ondersteuning van die fonds nie polities van aard is nie.

Daar was egter heelwat stemme op die kampus wat nie met sodanige besluit tevrede is nie. 'n Verteenwoordiger van Nusas op die kampus het gesê dat die stap die gewone student des te meer rede gee om hom te distansieer van die joolaksies. 'n Ander Nusas verteenwoordiger het glad kapitalisme bygesleep en het die volgende gesê: „Rags donation to the Border Fund is consistent with their policy of representing capitalism on campus."



Pierre Goosen, S.R.-voorsitter van Maties (Universiteit van Stellenbosch).

# Neil Herbert

**SATERDAGAAND het die Kultuurraad weer eens bewys dat hulle gaan probeer om ontspanning op die Puk te verbeter deur bekende verhoogpersoonlikhede uit te nooi na die Puk.**

Neil Herbert het die hoofvertoning gelewer en saam met die Settlements het hulle meer as een Puk se hart laat vinniger klop met liedjies soos „Mandy" en sy eie komposisie „She's a Woman". Die seremoniemeester het ook meer as een Puk verbaas, deur te wys hoe mens 'n trompet en 'n beul gelyktydig kan speel.

Caroline du Preez, wenner van 'n Sarie-toekenning, het gesorg vir 'n besondere lewendige vertoning. Veral Piet Fotokuns het besondere aandag van haar gekry! Met haar liedjie „Clap your hands and stamp your feet", het sy die Pukke lekker laat saamsing.

Die musikale afwerking van die orkes, The Settlements, was besonder goed gewees.

Een saak is egter bitter jammer. Dit is die hoeveelheid Pukke wat die vertoning bygewoon het. Die swak bywoningsyfer kán toegeskryf word aan die swak reklame wat die vertoning ontvang het.



NEIL HERBERT



CAROLINE DU PREEZ

# SKAAK

**SAKE lyk besonder gunstig vir die Skaakklub vanjaar. Daar is reeds begin met die Puk-kampioenskappe en volgens die uitslae lyk dit asof die Puk 'n hele paar belowende nuwe spelers bygekry het.**

'n Paar dames het ook al 'n aanduiding gegee dat hulle belangstel om te kom speel, maar meer dames is broodnodig voordat 'n aparte damespan saamgestel sal kan word.

Belangstellendes in skaak sal vanjaar heelwat geleentheid kry om te wys waartoe hulle in staat is. Die Wes-Transvaalse Ope word op die 20ste en 27ste Maart in Pote se Bennie Pienaar-saal gehou. Tien Pukke het vir hierdie toernooi ingeskryf.


Dan is daar soos gewoonlik weer die Wes-Transvaalse liga waaraan die Pukklub gaan deelneem, en vir verdere besonderhede oor ander toernooie wat gedurende die jaar gaan plaasvind, kan die skaakbestuurslede gekontak word.

# Buffelspoort

ONGEVEER sewentig jolige tweedejaars het die kamp bygewoon en dit geniet. Die algemene gevoel onder die kampgangers is dat dit 'n baie suksesvolle kamp was.

Hulle meen dat die goed gebalanseerde program verantwoordelik was vir die groot sukses. Daar is berg geklim, gesels, geswem, gesing en gedagtes gewissel oor studenteliefde.

Saans is daar gesing, vleis gebraai en gefliek. Wie sal ooit die rustigheid vergeet toe almal in hulle vrye tyd gelê en luister het na die sang van Evantus en Rinette? Wie sal die joligheid in die swembad vergeet toe die tweedejaars vir die besoekers aan Buffelspoort laat verstaan het dat die Pukke daar is.



Die tema het blykbaar 'n stimulerende invloed op die kampgangers gehad — daar was selfs 'n paar kampliefdes.

Die tweedejaarskamp sal onthou word — 'n kamp met baie variasies, rustigheid, pret en plesier.



**REGS BO: Die tweedejaars het seker gemaak dat die besoekers by Buffelspoort se swembad kennis dra dat hulle daar is. (Foto: Frikkie Odendaal.)**

**LINKS: Almal hoogs gesellig tydens die afgelope tweedejaarskamp by Buffelspoort. (Foto: Frikkie Odendaal.)**

**REGS: Saterdagoggend het almal met dapper en stapper die bergie aangedurf. (Foto: Frikkie Odendaal.)**



# Skrywerskring vier vyfde verjaardag

**1976 is die vyfde bestaansjaar van die Skrywerskring van die P.U. vir C.H.O. Om dit te vier is voorsitter Callie van Pletzen reeds lankal druk besig met reëlings vir die publikasie van 'n gedenkalbum.**

Die bundel sal die beste gedigte uit die pen van ons studentedigters oor die afgelope vyf jaar bevat. Volgens plan behoort die bundel vroeg in die jaar te verskyn en 'n groot reklameveldtog sal die vrystelling voorafgaan.

Die bestuur is vasbeslote om hierdie jaar in alle opsigte gedenkwaardig te maak. LENS is die gereelde jaarlikse publikasie van die Skrywerskring. As gevolg van die beoogde gedenkalbum het daar nie verlede jaar 'n LENS verskyn nie, maar LENS 1976 sal weer soos gewoonlik verskyn.

Die gereelde tweeweeklikse ledevergaderings waar groepbesprekings gehou word en konstruktiewe kritiek op die ingelewerde gedigte gegee word, sal nog gehou word.

Daarby word eksterne skakeling met ander Universiteite en Kolleges en 'n moontlike gesamentlike byeenkoms op die P.U.-kampus beoog waarheen die Skrywerskringe en Letterkundige Verenigings van ander kampusse uitgenooi kan word.

Een van die hoogtepunte van die jaar sal waarskynlik die besoek van twee of meer van die volgende skrywers wees wat uitgenooi sal word om as sprekers op te tree oor verskillende aspekte van hul eie kuns, en/of die letterkunde in die breë.

Die kunstenaars is Leon Strydom, D.P.M. Botes, Jan Swanepoel, Stephen Gray, en Casper Olivier. Hierdie byeenkomste sal ook gemik wees op die betrekking van die breër studentemassa, want die Skrywerskring poog om vanjaar nog alle onontginde talent te ontdek en te prikkel tot kreatiwiteit.

**Het u enige kunstenaars-talent?**

**Kom na VARIA.**

**Totiussaal**

**15 Maart 19h30**



Dawie du Toit soos hy opgetree het in die skitterende openingsaanbieding van „Getuies vir die staat". (Foto: Fotokuns.)

# Etensuurkonserte 'n nuutjie

DIE Dramadepartement van die P.U. vir C.H.O. bied altyd iets opwindends aan, en vanjaar het hulle behalwe hul gereelde Kamertoneelaanbiedings nog 'n nuutjie vir Potchefstroomse teatergangers, naamlik etensuurkonserte wat hulle Sjordé noem.

Die departement beoog om tussen 13h00 en 14h00 in die foyer by die Dramadepartement teatervermaak aan te bied in die vorm van eksperimentele werk — revue-programme, ruimteteater, moderne toneelstukke — toneelwerk anders as die konvensionele toneel wat in die Kamertoneel aangebied word.

Sjordé beteken: soos die kan dit skink en heel paslik dui dit op verversings wat as deel van die toegang van 50c verskaf word. Die geld wat so ingesamel word, word gestort in die W.N. Coetzee-fonds wat dan weer as beurs aan belowende Dramastudente toegeken word.

Sjordé bied aan almal die geleentheid om vir 'n etensuurtjie lank te ontspan en te vergeet van die maaltyd wat jy waarskynlik in die koshuis sou geëet het of van die middagklasse wat voorlê.

# NUWE KOORLEIER

KONSERVATORIUM — 'n Geskiedkundige oomblik vir die P.U.-Koor het aangebreek toe Awie van Wyk op 1 Januarie ingeboek het as koorleier.

Nadat hy in Beaufort-Wes gematrikuleer het, het hy sy B. Mus.-graad te Stellenbosch ontvang. Reeds daar het hy sy begaafdheid met kore getoon toe sy twee koshuiskore hoogsaanbeveel was tydens 'n sangfees te Stellenbosch.

Hy het op twee skole musiek as vak aangebied voor hy deur die Nederduits Gereformeerde Kerk se Algemene Sinode genader is om welbekende Jeugd-Tot-Jeugaksie te vergesel. Hier het hy dan gedurende 1974 as koorleier opgetree.

Die jaar daarop het hy die Kovsie-Koor afgerig. Na 'n heel positiewe oordenking het hy besluit om vanjaar van die P.U.-Koor geskiedenis te maak. Hy tree ook op as voltydse dosent in die vak Skoolmusiek.

Sy onuitputlike bron van inspirasie kom natuurlik van sy begaafde vroulief, Cecile. Sy het self 'n paar jaar in die Stellenbosch Universiteits-koor gesing en gooi haar volle gewig by die P.U.K. in.

Awie beoog 'n heel aangename koortoer deur Wes-Transvaal, die Vrystaat en ook dele van die Kaap. Die program lyk belowend, die gees is fantasties maar die MANNE bly steeds maar min. Die laaste oudisies word op 10 en 11 Maart gehou.

Ons wens hom 'n vol jaar toehier op die P.U.K. gronde.

# Varia soek kunstenaars

VARIA is die komitee van die Kultuurraad wat nuwe talent soek en ontgin. En dit beteken enige talent. 'n Geruime tyd bestaan die gedagte dat op die Puk-kampus, in ons koshuise en in die dorp, potensiële kunstenaars is, wie se talent ontdek en ontgin moet word.

Nou is die vraag: watter tipe dinge wil Varia aanbied? Die antwoord is wyd: Van 'n Folk-aand, moderne danse, miemkkunstenaars en komediante tot by orkeste op koshuisbasis. Om egter al hierdie dinge te realiseer is daar Pukke nodig. In 'n onderhoud met die Wapad het Suzette Eloff gesê dat Varia dadelik wil begin organiseer.

Op Maandagaand, 15 Maart, ('n toe-aand, sodat julle tog niks anders kán doen nie!) om 19h30, word 'n samekoms van alle kunstenaars op die Puk, in die Totiussaal gehou. Dit sal baie kort wees en sal dien om name en inligting te verkry waarvandaan gewerk sal word. Varia beplan om voor die einde van Maart 'n Folkaand te hou, in April 'n verskeidenheidskonsert en voor Mei 'n orkesaand, met die oog op Karnaval se orkeskompetisie.

Ons vra die Pukke: hier is 'n geleentheid om jou eie beskeie deel by te dra. Dit is nie nodig om 'n program van 'n halfuur te hê nie, vyf minute is genoeg. Dit is nie nodig om skaam te wees nie, ons grimeer jou so dat niemand jou sal herken nie! Dis nie nodig om Maandagaand die heel aand daar te kom sit nie; gee net jou naam en besonderhede. Dus, dis nie nodig dat ons ten duurste kunstenaars van buite „invoer" nie, ons het hulle!

# Akademiese Raad: belangrike besluite

DIE Akademiese Raad het onlangs hulle eerste vergadering gehad vir 1976. Daar is o.a. besluit dat die Raad se vergaderings in die vervolg meer informeel sal wees; 'n reëling wat behoort te sorg vir uitstekende onderlinge kontak. Vergaderings van dié aard behoort ook baie meer spontane reaksies uit te lok.

Van meer akademiese belang is die besluite wat geneem is i.v.m. die beleid van die Akademiese Raad vir 1976. Die belangrikste in die verband is op die oomblik die verskillende kommissies van ondersoek wat beoog word met die oog op uiters belangrike en resente probleme soos klasgeemetodes, eksamineringsmetodes, akademiese toestande in koshuise en die biblioteek, ensovoorts. Voorlopige ad hockomitees is benoem om die werksvelde van bogenoemde sake te ondersoek, waarna daar intensief na hierdie sake omgesien sal word. Die Raad is ook van voorneme om op duidelike wyse aan alle studente op die kampus die bevindings van hierdie kommissies bekend te stel.

Wat veral opgeval het tydens die vergadering, was die gees waarin dinge aangepak word. Die Raad het ten doel om in hierdie jaar die P.U.-student se belange op akademiese vlak nie alleen te behartig nie, maar inderdaad te bevorder. Hierin sal die akademiese verenigings as onderliggame van die Akademiese Raad 'n baie belangrike rol moet speel; en daarom word daar op elke Puk 'n beroep gedoen om hom of haar by so 'n vereniging aan te sluit.

Pukke, dis 'n ernstige saak hierdie, kom ons neem iewers 'n akademiese vereniging vir elkeen van ons se smaak!



Mnr. Awie van Wyk, nuwe leier van die P.U.-koor. (Foto: Fotokuns.)


# Louis by konservatorium

**'N OU bekende onder die Pukke, Louis van Rensburg van Alabamafaam, is permanent by die Departement Musiek van die P.U. aangestel. Hy bly egter nog student ook. Hy het vir die kursus B.Mus. ingeskryf.**

Die uitvoering van die Alabama is weer eens in die bekwame hande van Louis geplaas. Die keuring van die lede is pas agter die rug en hulle sal Maandagaand volstoom begin oefen. Ook die keuring vir die P.U.-koor is afgehandel.

Die Alabama beloof om vanjaar besonder kleurvol te wees met die „Studentelewe" as hul tema. Die eerste helfte van hulle aanbieding sal egter 'n suiwer revue wees.

Die ledetal van die Alabama is 'n volle 45 sterk en ons wens hulle almal sterkte toe met die komende seisoen.



Louis van Rensburg, leier van die Alabama-studentegeselskap.

# Eerstejaars-debat

RETORIESE Vereeniging? Al ooit gewonder wat dit beteken wanneer julle die plakkate sien?

Laat ek my dan sommer dadelik wend tot diegene wat belangstel in openbare redevoering asook die wat daarvan hou om meer selfvertroue te verkry.

Vir die redenaars onder julle beloof ons 'n baie interessante jaar. Vir die Eerstejaars is daar sommer gou 'n gulde geleentheid. Die vyftiende Maart bied die Retoriese Vereniging die jaarlikse Eerstejaarsdebat aan. Die onderwerp sal wees — Gemengde koshuise? Ons nooi alle eerstejaars uit om hulle saak te kom stel. As dit miskien sal help, onthou daar is geen seniors teenwoordig nie. Die aand is julle s'n, kom geniet dit gerus.



Hierdie drie dames sal u behulpsaam wees deur die jaar by die S.S.R.-kantoor. Hulle is v.l.n.r. mev. Helen Haasbroek, mev. Audrey Geldenhuys en mej. Ceylonia Boshoff. Die twee mevv. is tiksters terwyl mej. Boshoff penningmeesters-assistent is. (Foto: Fotokuns.)

die WAPAD

*(Geaffilieer by A.S.P.U.)*

# SAFES: GELUK

**DIE nuwe Engelssprekende studenteorganisasie genaamd SAFES (South African Federation of English Students) is 'n welkome vars luggie na al die bedompigheid waarin studentepolitiek op Engelse kampusse verval het. Alreeds verlede jaar was die skrif aan die muur vir NUSAS dat alle Engelse studente nie soveel liefde vir hulle het nie. Die onpatriotiese, linkse houding van NUSAS het baie gematigde Engelse studente die harnas ingejaag. (NUSAS is selfs deur Rusland geloof vir hulle poging om die S.A. Kommunistiese party erken te kry!)**

**In die proses van verpolitisering van die studentelewe het NUSAS soms elementêre behoeftes van die studente oorgesien. Dit skyn asof SAFES ook op hierdie gebied iets nuuts wil bied. Samewerking met die Afrikaanse Studentebond op hierdie vlak is dan ook moontlik.**

**Oor die algemeen kan die stigters van SAFES gelukgewens word met hierdie stap. Ons sal met belangstelling hulle optrede volg. Terselfdertyd bied dit 'n geleentheid vir die deursnee Engelse student om te bewys waar hy/sy werklik staan en waar hulle simpatieë inderdaad is.**

**Dit lyk voorwaar of ons 'n interessante tyd in die studentepolitiek ingaan!**

# A.S.B.-president: skakeling

**MNR. MARIUS SCHALEKAMP, President van die A.S.B. het die volgende verklaring gedoen:**

Die verklaarde beleid van die ASB is dat geen skakeling met NUSAS op hierdie stadium moontlik is nie vanweë die steeds behoue ingeslane koers van hierdie organisasie wat kwalik nog 'n studenteorganisasie genoem kan word. Benewens bogenoemde feit kan daar ook geen sinvolle skakeling wees met 'n nie-verteenwoordigende organisasie nie.

Die behoefte en noodsaaklikheid bestaan wel dat die Afrikaanse student met sy Engelse eweknie skakel en dit nie alleen op die gebied van sport en akademie nie maar ook op die vlak van studentepolitiek en ander bona fide studentesake.

Om uitvoering hieraan te gee het die Uitvoerende Komitee van die ASB die afgelope week met die Uitvoerende Komitee van die Studenteraad van die Witwatersrandse Universiteit geskakel. Die ASB het hierdie U.K. uitgenooi as verteenwoordigers van die studente van hulle kampus en nie as lid van NUSAS nie. (NUSAS bestaan vir alle praktiese doeleindes net uit 'n U.K.) Op hierdie voorwaarde is Wits uitgenooi waartoe hulle ook ingestem het.

Die skakelingsaksie was suksesvol. Weer eens is die feit beklemtoon dat waar NUSAS genegeer word, sinvolle kontak met Engelse studente gemaak kan word. Konstruktiewe samewerking word voorsien waar NUSAS nie meer fungeer nie.

# Nuwe status van D.O.K.

DIE Durbanse Onderwyskollege se status is onlangs verhoog, na die skakeling met die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Die kollege sal nou ook onderwysers vir die Junior Sekondêre fase vir die Afrikaanse onderwys in Natal lewer.

'n Kontraktuele ooreenkoms is tussen die D.O.K. en die U.O.V.S. aangegaan vir die opleiding van studente vir die Hoër Onderwysdiploma.

Die grondslag vir die samewerking tussen onderwyskolleges en die universiteite is gelê deur 'n wysigingswetsontwerp van 1974.

Die Durbanse Onderwyskollege is met die U.O.V.S. verbind omdat daar voorlopig nog geen Afrikaanse Universiteit in Natal is nie. Dié Kollege is ook die enigste Tersiêre inrigting in Natal met Afrikaans as medium van onderrig. Baanbrekerswerk word dus verrig vir 'n latere Afrikaanse Universiteit in Natal!

# Trompoppies: nog meer reaksie

**GEAGTE REDAKTEUR, — Ek wil net graag my mening lug i.v.m. die nuwe projek van die Karnavalkomitee, naamlik die trompoppies.**

Vir my as Puk-student was dit 'n taamlike verrassing toe daar aan die dames in ons koshuise 'n beroep gedoen is om hulle aan te sluit by die trompoppie-brigade vir Karnaval '76. My eerste vraag was dadelik op grond waarvan is hier nou skielik trompoppies op ons kampus?

So ver as wat my kennis strek, was die vertonings deur trompoppies iets wat nog nooit gepas het by die aard van die P.U. vir C.H.O. nie — en heeltemaal tereg ook. Wat was dan verantwoordelik vir hierdie verandering?

Meneer, ons naam dui aan dat ons 'n Christelike inrigting is en dit bring mee dat ons 'n christelike lewenstandaard na buite moet (en wil) vertoon. As u 'n eerlike antwoord wil gee, is die vertoning deur trompoppies waarlik 'n bevordering vir die geestelike peil van ons universiteite? Aantreklike meisies wat gewoonlik in kort rokkies of sjoebroekies deur die straat marsjeer — is dit werklik nodig?

Let asb. daarop dat ek dit geensins het teen die aantreklike meisies nie, dit is tog immers 'n gawe wat hulle van die Here ontvang het. Waarteen ek dit wel het, is die vertoning hiervan in kleredrag wat nie altyd bevorderlik is vir die handhawing van ons sedelike norme nie.

As christenstudent aan die P.U. vir C.H.O. maak ek dus ten sterkste beswaar teen die vertoning van trompoppies hetsy by Karnaval of enige ander geleentheid.

Aan die karnavalkomitee net 'n vraag: „Kan julle werklik geen ander gedagtes vind om van Karnaval '76 'n fees te maak nie?"

Baie dankie. Mej. S. Marais.

**GEAGTE REDAKTEUR, — Ons as studente het 'n verantwoordelike plig t.o.v. Karnaval. Karnaval is 'n grootse poging om geld in te samel vir die minderbevoorregtes en oues van dae. Dit is dan so dat ons alles in ons vermoë moet doen om soveel as moontlik in te samel.**

Met die vertoning van Trompoppies word meer mense gelok en meer kan dus ingesamel word. Verder is dit so dat daar van ons is wat dit teen hierdie vertonings het.

Veronderstel nou dat hierdie Trompoppies sou optree met 'n jas, hoed en masker. Nou sou geeneen van ons enige gewetenswroeging hieroor kan hê nie. Hierdie vertoning is dan ook niks anders as die beoefening van 'n kuns nie, nl. die kuns van koördinering en samewerking. Dit verg ook, soos om enige ander kuns te bemeester, volharde gedissiplineerde oefening en inspanning. Ook hiermee kan niemand tog verskil nie.

Om praktiese redes egter, kan 'n jas nie gedra word nie. Hier is waar ons tog nou so vinnig afdaal na die vlak van die skouperd. Om praktiese redes kan jasse ook nie gedra word by die speel van tennis, of by die beoefening van atletiek nie. En wie sou tog atletiek afkam as 'n July-wedren?

Enige kuns, soos bv. atletiek, rugby, netbal, is eksklusief vir diegene wat daarvoor gebou is. Ons almal kan tog nie gewigstoot of hoogspring nie. Net so is die deelname van die Trompoppievertoning eksklusief.

Mnr. die redakteur, laat ons ernstig besin hieroor. Die groot probleem lê by die benadering, die gesindheid van die toeskouers, nie by die optrede van die Trompoppies nie. Dié optredes is waarderend en nie uitlokkend van aard nie. Laat ons ten slotte die vergelyking met die skouperde vergeet. Ons Christelike Nasionale Lewensbeskouing laat nie ruimte daarvoor nie.

Roelf Buitendag.

**Aangesien die trompoppie-aangeleentheid klaar beslis is deur die owerhede, plaas ons geen korrespondensie meer daaroor nie.**

# STUDIEKRING

**STUDIEKRING bepaal die aandag vanjaar by die skoner kunste en die etiese ontleding daarvan. Met die eerste vergadering wat op 15 Maart in Oosterhof se sitkamer gehou word word „The Great American Nude" bespreek.**

Die vergadering begin om 19h30 en belangstellendes word uitgenooi om 'n toffie te kom eet en saam deel te neem aan die besprekings.

Studiekring wat vroeër net beperk was tot sekere verteenwoordigers in koshuise word vanjaar uitgebrei na alle studente wat belangstel.

Nog belangrike vooruitsigte is 'n voornemende besoek aan een van die groter sentra waar 'n opvoering of goeie fliek gesien gaan word met die oog op besprekings later.

Studiekring is ook verantwoordelik vir die verskyning van die gereelde **Vyf Minute** op die kampus. Hierdie, stof tot nadenke, het vroeër baie reaksie uitgelok.

# Uit die Woord

**„Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet nie" — (Matthéüs 25 : 13).**

In die gelykenis van die tien meisies kry ons 'n enkele snit uit 'n bruilof. Die klem val op die meisies wat moet waak, d.w.s. hulle moes sorg dat hulle lampe brand as die bruidegom met sy vriende kom. Waak het dus vir die diensmeisies beteken dat hulle hul werk moes doen. Helaas, nie één is in staat om dit self te doen nie! Almal raak aan die slaap.

Skielik kom die oproep dat die bruidegom kom. Die lampe moet nou brand. Vyf se lampe brand egter nie. Hulle kan die bruidegom dus nie ontmoet nie. Die ander vyf wat wel gewaak het, was wel gereed was, gaan saam met die bruidegom in.

Dan gebeur iets beslissend. Die deur word gesluit. Niemand kan nou meer inkom nie.

Wanneer Christus weer kom — want Hy is dié Bruidegom — dan is die tyd om te werk verby. Die tyd waarin ons nou leef, is beslissend. Na Christus se wederkoms is daar nie meer tyd om te waak nie. Om gereed te wees vir Christus se wederkoms beteken om jou werk te doen.

Nou die vraag: Hoe doen òns òns werk? Doen ons dit in afwagting op Christus? Handhaaf ons in ons klasdraf, sleep en sport die geloofsband met ons Bruidegom? Doen ons dit asof vir Hom? Of probeer ons ons ouers en dosente tevrede stel? Ons kan ons werk nie op 'n ander se rug laai nie — elkeen self sorg dat sy lamp vol olie is.

Waarom moet ons **altyd** werk? Ons Bruidegom kom en ons weet nie wanneer nie. Maar dit weet ons: Hy wat nou reeds aan die kom is, is 'n bekende. Sy bloed het Hy op Golgota in my plek gestort. Uit dankbaarheid vir my verlossing moet ek dus werk.

# [Ka]no-kursus

DAAR word 'n kano-afrigtingskursus te Potchefstroom gehou op die 13de en 20ste Maart. Alle belangstellendes is welkom om die kursus by te woon waar jy alle dinge omtrent kanosport sal leer. Die kursusgelde beloop R3,00 wat jou kos en vervoer vir die twee Saterdae insluit. Bekwame afrigters van die Transvaalse Kano-unie sal die afrigtingswerk behartig. Persone wat belangstel is welkom om enige middag vanaf 4 nm. by die Potchefstroomdam te gaan navraag doen oor die kursus.

# WOELINGE OP ENGELSE KAMPUSSE

DIE stigting van die Suid-Afrikaanse Federasie van Engelssprekende studente (Safes) voorspel niks goeds vir Nusas nie. Die organisasie se stigting is geïnisieer vanaf die kampus van die Universiteit van die Witwatersrand.

Aldus 'n segsman van Safes beoog die organisasie om 'n nie-politiese struktuur daar te stel wat matige studente sal verteenwoordig. Safes het reeds komitees by Wits, Unisa, Rhodes en die Universiteit van Natal gestig. Dit is dus nog net by Ikeys waar nie so 'n komitee bestaan nie. Daar word ook beoog om referendums gedurende April by die Engelstalige universiteite te hou sodat die studente kan beslis oor hul lidmaatskap van Nusas.

'n Aspek waarop Safes baie klem lê is die feit dat alle studente van Engelstalige universiteite outomaties lid van Nusas is. Die stigters van Safes verklaar dat hulle moeg is vir alles wat Nusas in die naam van die Engelssprekende universiteite doen.

Safes maak dit duidelik dat hulle van plan is om met organisasies soos die A.S.B. en Saso te skakel. Hulle werk dan ook in die rigting van 'n oorkoepelende organisasie wat dan in die verre verskiet, alle Suid-Afrikaanse studente sal verteenwoordig.

Ons soek nog 'n

**Sirkulasie-bestuurder**

Rig u aansoeke aan DIE REDAKTEUR,

Bussie 13,
SS.R.-kantoor.

# Interfakultêre lesings

TEMA: Futurologie (Toekomskunde).
TYD: Woensdag, 17 Maart 1976 om 08h30.
PLEK: Totiussaal.
FILM: Future Shock.
WYSE: Kort inleidings deur vakmanne, besprekings aan die einde.

**PROGRAM:**
Sentrale tema: TOEKOMSKUNDE.
08h40 Filmvertoning Future Shock.
09h20 Toekomsgerigte Opvoedkunde.
Prof. T. C. Smit — (professor en hoof van die departement Filosofie van die Opvoeding aan die Universiteit van Stellenbosch).
09h40 Produksiebronne en voedselvoorsiening in die toekoms.
Prof. J. H. Grobler — (professor en hoof van die departement Bodemkunde aan die PU vir CHO).
10h00 Toekomskunde en/of toekomsverwagting.
Prof. A. König — (professor in die departement Dogmatiek, Etiek en Praktiese Teologie aan die Universiteit van Suid-Afrika).
10h20 POUSE.
10h50 Toekomsgerigte Ekonomie.
Dr. C. H. Boshoff — (senior lektor in die departement Ekonomie aan die PU vir CHO).
11h30 Bespreking: Daar sal bespreking onder leiding van 'n gespreksleier en deur die onderskeie sprekers gevoer word.
12h30 Verdaging.
Alle klasse is vir die doel opgeskort, sodat almal die verrigtinge kan bywoon.



# Dosent-soldate

Om soldaat te wees is lekker. Ons is gewoond aan die veld en geniet dit baie om daar te wees. Die veld is vir ons genoeg kompensasie vir enige ongerief wat ons verduur.

So praat twee geleerdes vir wie Uniform in die operasionele gebied raakgeloop het. Hulle is prof. H. J. von Moltke Harmse en dr. D. Edwards. Prof. Harmse is verbonde aan die Departement Geologie aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. en dr. Edwards is verbonde aan die Navorsingsinstituut vir Plantkunde aan die Universiteit van Pretoria.

Albei is sedert 19 Januarie in diens van die Weermag. Hul taak is om terreininligting te verskaf deurdat hulle die topografie en plantegroei in die operasionele gebied bestudeer. Uit inligting wat hulle insamel, kan ondermeer vasgestel word watter soort voertuie vir sekere gebiede en sekere tye van die jaar gebruik moet word.

Vir prof. Harmse is die soldaat-lewe niks nuuts nie. Hy was verbonde aan die Rhodesiese Weermag waar hy die rang van luitenant gehad het.

**LINKS BO: Die twee geleerdes, dr. D. Edwards en prof. H. J. von Moltke Harmse, wat Uniform (tydskrif) in die operasionele gebied raakgeloop het.**

Hy het nou die rang van kaptein.

Vir dr. Edwards is die lewe in diens van die Weermag 'n nuwe ondervinding. Hy het geen vorige opleiding ontvang nie en het vrywillig by die Burgermag aangesluit. „Ek is op 'n dag se kennisgewing opgeroep. Ek moes in een dag my toerusting trek en reëlings tref by die huis en die Universiteit tref. Ek is egter bly dat ek ook my deeltjie in die verdediging van my vaderland kan bydra," sê hy.

Die geleerdes geniet die tyd in die operasionele gebied. Albei is net 'n bietjie omgekrap omdat hulle na hul sin nie genoeg tyd in die veld deurbring en ook daar slaap nie. Van die manne wat saam met hulle beweeg het, vertel dat albei uitstekende kokke is.

Een voorval in die operasionele gebied sal hulle nooit vergeet nie, sê die twee geleerdes. Hulle het onwetend in 'n hinderlaag geloop. Toe hulle opkyk, sien hulle net soldate en gewere. „Ons het ons boeglam geskrik," sê hulle. „Gelukkig was dit ons eie manne."

Die Suid-Afrikaanse manne het nie die boodskap dat hulle op pad was, ontvang nie. Die moontlikheid was nie uitgesluit dat dit vyandelike troepe kon wees nie en die hinderlaag is gelê. „Volgende keer maak ons seker dat ons manne die radioboodskap ontvang," sê die twee.

# Christelike studentekonferensie




**DIE konferensie vir Christelike Studente, wat van 23 tot 29 April deur Korps in samewerking met die SCA beplan word, het „Jesus Christus, Koning van alle mense", as tema. Bogenoemde is 'n gedeelte van die omsendbrief vir dié konferensie.**

Die doel van die konferensie is tweërlei: In die eerste plek om studente op die belangrikste aspek van Christelikheid te wys en daarin te inspireer. In die tweede plek is die doel om die geloof van Christelike studente te verdiep en aan te moedig. Nie-Christelike studente is egter net so welkom om die konferensie by te woon.

Sprekers by die geleentheid is mnr. Chau Wee Hian en mnr. Geoff Paxton. 'n Aantal dosente en gegradueerdes sal die seminare en simposiums lei.

Die mees gepaste taal sal gebruik word.

Ontvangs en registrasie van studente vind op 23 April om 16h30 en 18h30 op die terrein, waar uitgekamp word, plaas.

Die konferensie wat vir alle Universiteite en Kolleges in Transvaal aangebied word, word naby Hekpoort op 'n kampeerterrein ‚Cyrina' gehou. Die terrein het akkommodasie vir 150 tot 300 mense en is in die Magaliesberg ongeveer 100 km van Pretoria af geleë.

Vir ontspanning is daar ook ruimskoots geleentheid: perdry, swem, trampolienspring en stap maak ook deel van die program uit.

Mense wat belangstel kan met Pieter Odendaal, voorsitter van Korps in verbinding tree. Bywoning van die kamp sal R12,00 bedra.

# *Vir dames*

GOEIE nuus vir 'n inflasie-winter — rompe is nou selfs meer gewild as wat dit die vorige seisoen was. Die rompe kan van bedrukte of effe materiaal wees. Fluweel en koordferweel beklemtoon die elegante, vroulike voorkoms van 1976. Die snit wissel van nou, regaf rompe na sagte vol plooitjies — die enigste vereiste is dat die knieë bedek moet wees. Hierby word ooptoon skoene of stewels en groot sakke gedra. 'n Ander noodsaaklike item in 'n winterklerekas is 'n tjalie. 'n Uitrusting lyk afgerond wanneer 'n bypassende tjalie daarby gedra word. Wanneer 'n mens self jou klere maak, is dit dus 'n goeie idee om vir jou 'n romp en tjalie te maak wat by mekaar pas. Dit kan om die kop gedrapeer word, oor die skouers gedra word, op Oosterse wyse oor een skouer geknoop word of selfs om die heupe vasgebind word.

Om die tjalie te maak kan die materiaal só gevou word dat dit 'n dubbele driehoek vorm. Dan word dit in die skuinste deurgesny, gesoom en om die rand word frailings vasgewerk. Dit is egter beter om die tjalie dubbeld te maak, aangesien dit netjieser lyk en stewiger is.


# ALMA MATER AMPER VERLORE


NA die destydse PUK in 1950 deur wetgewing tot 'n selfstandige universiteit verklaar is, het die studenteraad op 25 November 1950 besluit dat 'n nuwe Alma-Mater geskep moes word. Op hierdie vergadering reeds is besluit om die taak aan S. J. Pretorius (nou prof.) op te dra.

In die notule van 10 Augustus 1951 van die studenteraad word mnr. Sarel Pretorius hartlik bedank vir die mooi woorde wat hy vir die *Alma Mater* geskryf het.

M. C. Roode (later professor) is genader om die woorde te toonset, en op 22 April 1952 is die Alma Mater vir die die eerste keer uitgevoer, met M. C. Roode self voor die klavier.

Die bladmusiek het sedertdien in so 'n mate verlore geraak, dat slegs 'n paar Pukke dit uit die hoof kon speel, en geen amptelike bladmusiek meer daarvan gekry kon word nie. In 1974 is die saak deur 'n studenteraadslid, mnr. George Lotter (tans redakteur van die Wapad) opgeneem. Met die hulp van mnr. Fanie Jooste (toe voorsitter van die Musiekvereniging) is 'n afskrif gevind van die georkestreerde weergawe van die Alma Mater deur (prof.) Stefans Grové, wat destyds deur hom gemaak is vir uitvoering saam met 'n orkes. Mnr. Jooste het daarvan 'n transkripsie gemaak vir klavier, en dit verwerk tot die vorm wat hierby verskyn.



# Koshuiskos

## Thaba-Jäh

DIE „sesuurplaag" wat vanaf Europa na die binneland van Suid-Afrika oorgewaai het, het tot in Thaba-Jäh se sitkamer ingewaai, met verlammende gevolge. Groot getalle van die bevolking van Thaba-Jäh ondervind hierdie lamheid en vasgekluisterheid aan die sagte stoele net vanaf sesuur tot elfuur, wat 'n kommerwekkende verskynsel is.

Navorsing in die verband sal spoedig van stapel gestuur word. Daar word beweer dat hierdie „plaag" 'n bedreiging vir die akademie inhou, maar sommige seniorstudente (met baie jare se ondervinding en ervaring!!) beweer dat die waarde en verryking wat hierdie „prentjieskas" tot gevolg het, die akademie by verre oortref. Die blote „sit-en-waarneem", „sit-en-inneem" het beter opvoedkundige gevolge, as 'n hele aand se uitputting en afmatting voor 'n tafel met boeke.

Die motto van die inwoners is deesdae: „Ek hou van werk, dit beïndruk my — ek kan vir ure daarna sit en kyk. Ek hou daarvan om dit by my te hou, die idee om daarvan ontslae te raak, breek my hart? 'n Noodvergadering van vissermanne is ook gehou om te besluit wat die hoofdoel van die ekskursies sal wees, „hengel" of „visvang", aangesien die twee terme klaarblyklik probleme begin oplewer het. Tradisioneel „stywe lyne" tot volgende week.

## OOSTERHOF

ONS eerstejaars het middiebewus geword. Gang 10 was eerste verras met hul middie. Die eerstejaars het hierdie slag weggebreek en dit sowaar in 'n middernagtelike braaivleis omskep. Gange 5, 6 en 8 was volgende aan die beurt. Gang 6 was heerlik getrakteer op 'n marshmallowbraai. Daar het dit heel jolig gegaan — en plesier word mos gedeel, of hoe? Ongelukkig was Gange 5 en 8 nie baie tevrede met die kussings wat op hulle gereën het nie! Om 9 nm. het Neptunus verby Gang 9 se ewenaar getrek en die ou-dames verras met 'n ewenaarmiddie. Ons spog ook met 'n bordprefek te wete Sandra. Sandra is verantwoordelik om ons kennisgewingbord „ooglik" te hou. Dit lyk voorwaar of ons 'n nuwe era m.b.t. koshuisversiering binne tree. Ons telefoonhokkies is deesdae ook iets om te aanskou. As die „dief" jou geld steel, verkyk jou liewer aan die pragmure as om die tou af te kou. Tradisioneel is ons orals verteenwoordig. Baie geluk met jou keuring vir Thalia Elze. Oosterhof laat ook hierdie jaar haar stem op die sportveld hoor. Hou maar gerus Estie en Anneli se vertonings dop. Ons het ook ons sportbande met Hombré versterk. Die eerstejaars het ons mos teen hulle ou-manne gespeel en ons het gaan ondersteun. Soos die verwagting was het die seniors hulle „kafgedraf".

Die spreekwoord lui mos, smee die yster terwyl hy nog warm is, — so gesê so gedaan. Sondagaand het ons weereens 'n inter Coke-Fanta met Hombré (gange 4 en 7) gehad... wat 'n groot „affêre" was.

Die J.V. het gesorg dat Oosterhof nie te veel na koshuiskos verlang nie, deur ons te trakteer op jafels — ongelukkig moes ons 20c daarvoor betaal. Het julle al opgelet hoe min brood eet die eerstejaars? Ek wonder hoekom? Oostergroete.




**INSLEEP Restaurant**

WELKOM AAN ALLE PUKKE EN EERSTEJAARS

TOMSTRAAT 100
TELEFOON 6039
—WP



WELKOM . . . !

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

**PRO REGE-PERS BEPERK**

*„die Potchefstroomse boekhandel"*

Tomstraat 86 — Tel. 8875 — Potchefstroom
—WP





**HIERDIE jaar gaan 'n groot jaar wees vir al die Karlieners. Die eerstejaars is nou behoorlik ingeburger en hulle weet al klaar hoe lekker dit is om ware Karlieners te wees.**

Die ontgroening is nog sommer baie vars in die eerstejaars se geheue — Wie sal ooit die inter-tandeborsel met Over-de-Voor vergeet, die interaksies met Dorp, P.T. in die oggend, kussinggeveg met die S.R., gala op perdevelle en die ugh... ogpoe?!

Die aand voor die atletiekbyeenkoms het die drake van Dorp die dore verras met blomme en vrugte. Die volgende oggend is die erewag (drake) van Dorp deur Karlien se HK geïnspekteer. Nadat die medaljes aangesteek is en skote afgevuur is, het die erewag die dore begelei na die sportterrein. Dorp se HK het die voortou geneem op motorfietse en Karlien se HK het in rooi motors gevolg. Na 'n heerlike piekniek (wat uit springmielies en aartappelskyfies bestaan het), het die dore groot gees gevang en door Chips en door Sarie was omtrent hees.

Karlien sê hartlik geluk aan al die ou-dames wat na die vakansie met blink klippies teruggekom het. Dit is 'n uitdaging vir al die ander slepende en nie-slepende dames van Karlien (nie waar nie Gizela en Marinda?-).

Karlien beoog hierdie jaar baie interaksies en feeste. Elke Karliener se deelname sal help om dit 'n groot sukses te maak, ook wat die Intervarsity en Karnaval betref.

Die Karlieners bedank hulle bak HK vir die verwelkoming van die seniors en die tuismaking van die dore (ekskuus, eerstejaars). Hartlik Welkom aan al die nuwe Karlieners! Dit is 'n fees om terug te wees, dit is lekker om Karliener te wees. Hoe het die dore nou weer gesing? HUIS KARLIEN VIR LEKKER GEES!

## WANDA

REEDS agt ure na die ouers se vertrek, het hul dogtertjies nie meer as individue bestaan nie en die eensaamheid het verdwyn waar almal ingespan is op „Prof. Bingle se plaas" onder die naam: Door! Met die eerste sing van „O Pukkie Jy . . ." het die groot gees neergedaal en die eerstejaars het in elke veseltjie gevoel hoe hul deel raak van iets blywends in hierdie veranderde wêreld — hier waar ons nog vir mekaar leef.

En snags na twaalf het die oorlogsdanse begin, waar die H.K.'s hulself geword het en verder gebou het aan 'n nog groter gees vir die komende jaar. Op die maat van „Hoe ry die trein" en „Hozza" kom selfs die Sjinese besoekers nie anders as om saam tiekie te draai nie.

## SOETDORINGS

SOETDORINGS se A.K. is gewysig, nl: Berendien (Prim), Cathy (O/Prim), Magriet, Ina, Sharon, Lucia.

Vakansie? Wie praat van vakansie? Die werk is al weer nes verlede jaar ... net 'n bietjie meer.

In die portaal en sitkamer van Soetdorings het ek die eerste gewaarwording gekry van 'n „nuwe gees" wat ontwaak het. Almal is welkom om te kom kyk. 'n Muur tot muur tapyt is in die portaal en die pragtigste muurbehangselsels aan die mure.

Die ontheffing was **groot** al was dit twee-uur in die nag.

Die dore het Saterdagaand soos die spreekwoordelike „Padda in 'n Prins" verander van 'n door na 'n prinses.

Tot op die einde van die **sware tog** het die inisiatief van ons dore gegroei — en nie ontbreek nie.

Eerstejaars, ons is trots op julle en saam met julle sien die seniors uit na 'n **GROOT** jaar.

## Kasteel

DIE Tommie Tier aanhangers het hoog afgeskop hierdie jaar met die wen van die sangbeker tydens die eerstejaarsatletiekbyeenkoms.

Die dames het 'n GROOT vleisbraai by die dam gehad. Almal was dit eens dat die reën tot die sukses daarvan bygedra het.

Die sleepaksies het 'n kleur televisie bygekry. Baie opvoedkundig . . . Die slepery het sommer 'n splinternuwe ervaring geword.

Vir die jaar het ons groot planne! Die inwyding van die teerpad — indien hy nog nie weggespoel het nie — tesame met die koshuis se viering van sy (haar) vyfjarige bestaan beloof om almal rasend gelukkig te maak.

Die sosiale veld is ongetwyfeld sterker as die akademiese. Die talle interaksies met Dawie Dup, Over-de-Voor, die kinderpartytjie met Hombre en die tafeltennis(?) met Liberalia kan getuig hiervan.

Ons wil sommer van hierdie geleentheid gebruik maak om almal 'n goeie jaar toe te wens. LAAT DIT GROOT WEES!

Moenie die **Interfakultêre lesings** misloop nie — dit gaan iets groots wees.

Stel u belang in die **PERSWESE?**

Doen aansoek by **Die Wapad**

ONTHOU OM **Woensdag 10 Maart 1976** die INTERFAKULTÊRE LESINGS by te woon

## Nuwe Uitspan

MET die eerste intrapslag aan die begin van die akademiese jaar het Uitspan hom verwonder aan al die „nuwighede" in die koshuis: Uitspan is gerestoureer na soveel lange jare van gesukkel. Die nuwe sitkamer is sommer 'n baie, baie welkome toevoeging en nou kan die Uitspanners hul meisies met vrymoedigheid na die koshuis bring vir 'n beker tee. Ons sê baie dankie aan die Universiteitsowerhede asook Tegniese Departement vir hul bydrae om Uitspan weer leefbaar te maak.

Dat Uitspan hierdie jaar weer eens baie sosiaal ook gaan verkeer getuig van die Inter-Televisie met 'n dameskoshuis en die pasafgelope braaivleis en fliek. Dit was reuse suksesse en die dames kan maar seker wees dat hulle gedurende die jaar baie van ons gaan hoor.

In die lig van die naderende Sêr en karnaval wil ons die ander koshuise net sê dat Uitspan gaan hierdie jaar sy stem dikmaak op die kampus en dat ons vir niemand gaan stuit nie. Ons gooi ons gewig by alles in en hoop om teen die einde van die jaar te kan sê dat Uitspan weer eens 'n oorwinningsjaar beleef het.

Die akademie skrik ons ook nie af nie want: „sleep is ons leuse en spyker daarby, dan is die lewe 'n lag".

T. B. van Niekerk.
UITSPAN.

## Dorp

GEDURENDE die vakansie het die bestuur van die Dagbestuurvereniging (oftewel) DORP) ewe skielik agtergekom dat hulle 'n hele paar lede van die nuutverkose bestuur verloor het. Frik de Wet, verkose voorsitter van DSV vir 1976, moes skielik sy militêre diensplig voltooi; en Christa Weber, die sekretaresse, is gedurende die vakansie met oudstudent Jan Henning getroud.

Kort voor die S.S.R.-kamp moes die oorblywende bestuurslede dus plan maak om die dreigende noodsituasie af te weer. Op 'n bestuursvergadering is daar toe 'n bietjie geskommel en siedaar: 'n nuwe bestuur word na die kamp afgevaardig.

Christo Schwellnus, (Zoks), die penningmeester, is gekies as die nuwe voorsitter, en Faan Swanepoel as sekretaris. Ansie Scholtz is ook verkies as die derde dame wat saam met Dalene Delport en Sua Puyper die dames se wa deur die drif moet sleep.


André van der Walt neem die plek van Zoks in as penningmeester. So is die eerstejaars dan ontvang en met hierdie bestuur is Dorp se Oriëntering dan afgehandel.

Kort na die koms van die seniors moes Kobus van der Walt egter bedank as die ondervoorsitter as gevolg van sy werksbelange, en later is daar verkiesing gehou waar Manie van Jaarsveld as nuwe ondervoorsitter verkies is. Op hierdie stadium het die „runner-up" van die oorspronklike verkiesing in 1975 al op geraak sodat 'n hele nuwe nominasielys en stemming nodig was vir die vul van die ondervoorsitterspos!

Ondanks al die skommelinge en drama kan die Dorpstudente tog daarin slaag om 'n ongekende gees onder die nuwelinge (en die oues) te skep, sodat 1976 beloof om 'n groot jaar vir Dorp te wees.

Die volledige H.K. van Dorp sien nou soos volg uit:

Voorsitter:
Christo Schwellnus.
Ondervoorsitter:
Manie van Jaarsveld.
Sekretaris:
Faans Swanepoel.
Penningmeester:
André van der Walt.
Wyksversorger:
Manie Meyer.
Sportorganiseerder:
Botha Maree.
Sosiale organiseerder:
Frik van der Walt.
Dames:
Delene Delport, Sua Pyper,
Ansie Scholtz.



# PUK-KANO'S ROEI VORENTOE

**WATTER gewone Puk sal ooit die gevoel van 'n roeier verstaan as sy kano in twee stukke breek nadat hy 'n stroomversnelling aangedurf het? Weer eens het die natuurliefhebbers die naweek sulke gevare getrotseer én geniet.**

Vroeg Saterdagoggend is die kano's op die kombi vasgemaak en 'n veels te kort rit na Schoemansdrif aangepak. Terwyl die asters agtergrond musiek verskaf, het die ou veterane al wat 'n tegniek is, geesdriftig bespreek.

By Schoemansdrif aangekom is weer 'n spanpraatjie gehou met Louw as sameroeper. Dié ligsinnigheid het egter gou plek gemaak vir groter erns. Die afsetter, mnr. Neville Truan, het die spanning so gou moontlik kort geknip en vir die toeskouers was dit seker die kleurvolste gesig nóg om te aanskou. Elke boot en roeier 'n eenheid in uitdaging teen die natuur.

Van die 48 inskrywings vir die Transvaalse K1 (enkelsitplek) kampioenskappe, was mej. Estelle Müller die enigste dame om aan die wedvaart deel te neem. Dié Puk-nooi se maag was behoorlik vol vlinders voor die begin van die wedvaart.

Willem van Riet het van die begin af die voortou geneem, met Wally Fischer kort op sy hakke... ,skuus — roer. Saal de Jager van die Puk het in die derde plek gelê tot by die groot stroomversnelling by De Wetsdrif. Volgens die roeiers was dié stroomversnelling „groot, gevaarlik, uitdagend en... seer!"

Daarna, die eindpunt, Schandinawiëdrif. Willem van Riet het die wedvaart eerste voltooi. Saal de Jager, in die sesde plek, was die eerste Puk by die eindpunt en kort op sy hakke nog twee Pukke: Johnny en Tinus.

Johan Steyn, alias Johny, het die beginnerstrofee gewen en Estelle het haar trofee met groot trots en met minder vlinders in die maag in ontvangs geneem.

Tinus, die voorsitter van die Puk Kano Klub, het met groot trots die puntestand aangekondig, nl.:

| | | |
|---|---|---|
| PUK | 17 | punte, |
| Weermag | 14 | punte, |
| Pretoria | 12 | punte, |
| Johannesburg | 12 | punte, |
| Tukkies | 11 | punte, |
| RAU | 2 | punte. |

Na die groot inspanning het grootskaalse ontspanning gevolg. 'n Mens sou seker verwag dat die roeiers nou niks meer van kano's en roei sal wil hoor nie, maar Erik Bergh, hy het vyfde geëindig van die Juniors, se kommentaar was: „Nou gaan ek begin oefen, oû!"

Volgens Tinus is alles baie feestelik. Dis die sportsoort wat die meeste uitdaging aan die sportman bied. Dit is nie 'n spansport nie. Al wat jy nodig het om die Puk Kano-Klub te ondersteun, is fiksheid, 'n goeie balans en deursettingsvermoë.

In die dowwe lig van die braaivleisvure is vele erkentenisse gemaak. Van ophou roei is daar geen sprake nie, want na elke wedvaart voel jy goed en gesond, en elke keer is dit anders en natuurlik feestelik!

Selfs na so 'n fisies uitputtende dag is daar nog talente wat wag om ontdek te word. Sam het byvoorbeeld besef dat hy sy roeping as musikant gemis het!

Vir elke Puk is daar 'n gaatjie in die Kano-Klub, selfs al kan jy net goed sing of grasieus uit die kano val — vra maar vir Louw!

# PUKKE BY S.A.'s

VYFTIEN Pukke is gekies om aan die Suid-Afrikaanse Senior kampioenskappe deel te neem wat op 18, 19, 20 Maart in Pretoria gehou sal word.

100 en 200 m Tinus van Wyk van W.Tvl., Willie Smit, V. Schutz, Piet Kruger (200 m). 400 m en 800 m Gerrie Jacobs. 110 m G. Gibson. 3 000 hindernis Gert Doorewaard. 5 000 m en 20 km stap Piet Meyer. Hoogspring Henri Steynberg. Paalspring Dawie Malan. Driesprong Kobus Bornman. Skyfwerp en gewigstoot Henk du Toit en Piet Goosen. Hamergooi Wouter de Vos en W. van Kraayenburg.

100 m, 200 m, 4 x 100 m aflos Ruanda Jacobs, P. van Rensburg, V. Louw, C. Hough. 400 m Alta Stander, A. Uys, C. Kruger. 800 m Ilse Bolton. 100 m Ria van der Berg, A. Marais, B. van der Westhuizen. Skyfwerp en gewigstoot Wilna Fondse. Spiesgooi Estie Robbertse.

# Duikklub presteer in die geheim

**DIE Puk-duikklub het al vele prestasies so in die stilligheid behaal. Tydens die S.A. Interklub Onderwaterhokkie kampioenskappe wat in Bloemfontein gehou is op 28 en 29 November 1975, het die Pukke, wat in die B-liga ingeskryf het, derde geëindig.**

Tydens die SAU Onderwater-kampioenskappe wat vanaf 1 tot 6 Desember 1975 in Port Elizabeth gehou is, het die Pukke in die geheel vierde geëindig. Die uitslae van die onderskeie afdelings was as volg:

Onderwaterhokkie — derde,
Scuba — vyfde,
Visskiet — vierde plekke.


Die Pukke het die uitsonderlike prestasie behaal deurdat een van die lede, Pof Preller, dubbele Protea-kleure ontvang het in die Onderwaterhokkie en Visskiet, waar hy 'n derde plek behaal het.

Die Duikklub is hierdie jaar baie bedrywig. Na 'n baie suksesvolle uitstalling in die Totiussaal, is die belangstelling baie groot — veral onder die nuwelinge op die kampus. Vanaf 1 Maart is met die amptelike oefening begin. Tot dusver het die ledetal vanaf 10 tot 40 gestyg, wat uitsonderlik baie is. Van die lede het 18 alreeds hul Scuba-opleiding in die swembad ontvang en verlede naweek is die donker waters van die Boskopdam reeds verken.

Die nuwelinge sê dis 'n gevoel en gesig wat hulle nooit sal vergeet nie. Alle belangstellendes kan gerus Maandag- en Woensdagmiddae vanaf vieruur nm. 'n draai by die PUK-swembad maak. Hulle oefen elke aand van net na sleeptyd tot teetyd — dus vanaf 7.30 tot 9.00 nm.

Die program is as volg:
20 Maart Vierhoekige byeenkoms by Tukkies.
27 Maart Onderwaterhokkie teen RAU.
3 April. Naweekduik by Wondergat.
10 April. Naweekduik by Wondergat.

**Koop Die Besembos nou — beperkte voorrade beskikbaar by Penningmeesters kantoor.**


**Laat ons brein na jou kop toe gaan.**

HP-21 en HP-25, twee van die beste breins op die kampus, waar ook al.

Die HP-21 het alles wat jy verlang, en meer: • Trig. en log. funksies • Reghoekige/polêre omsetting • Grade/radiane kiesskakelaar • Vaste en wetenskaplike notasie met 10-syferbeeld • Registerrekene.

Die HP-25 is wetenskaplik programmeerbaar. Het al die HP-21 se vermoëns plus baie meer, insluitend statistiese funksies • 8 adresseerbare geheues • Programstappe wat deur die toetsbord geprogrammeer word (prefiksfunksies neem slegs een programstap) • 'n Gratis gebruiksboekie.

Daar's ook nog baie ander redes waarom Hewlett-Packard jou beste keuse is. Hy voel sommer reg en die toetse werk so glad. Die waterdigte (in geval die koffie per ongeluk daarop val) beskermlaag onder die toetsbord. Die baanwerk van goud. En Hewlett-Packard se OPN-stelsel (met 4-vlak-geheuestapel) wat jou help om gevorderde berekenings maklik kaf te draf.

Besoek HP of jou naaste gemagtigde handelaar en toets hom met jou eie hande.

**Elke antwoord is op die kop**

HEWLETT hp PACKARD

Gemagtigde handelaars in alle Sentrums.

Greenwood 1660/A

